

Werkplan Suid-Afrika 2021-2024



1. Beleidsraamwerk

- Taalunieverdrag (9 September 1980), Artikel 3d, 4g en 5g
- Intensieverklaring vir verdere samewerking tussen Suid-Afrika en die Nederlandse Taalunie (20 November 2010)
- Memorandum van verstandhouding oor samewerking in die veld van menslike Taaltegnologieë (Januarie 2012 – dit het verval, maar is nog steeds 'n verwysingsdokument)
- Raamwerkooreenkoms tussen die Algemene Sekretariaat van die Nederlandse Taalunie en die Afrikaanse Taalraad vir die uitruil van kennis en ervaring en vir samewerking om die Nederlandse en Afrikaanse tale verder te ondersteun en te bevorder (30 Januarie 2020)
- Langtermynbeleidsplan 2020-2024 (Komitee van Ministers, 15 Junie 2020)



Hans Bennis en Conrad Steenkamp onderteken die samewerkingsooreenoms in die teenwoordigheid van Kris Van de Poel.

2. Konteks en basiese beginsels

- Nederlands en Afrikaans is verskillende maar verwante tale. Die onderlinge taalverbinding bied perspektiewe en geleenthede om kennis en ervaring in 'n taalverwante konteks uit te ruil. Benewens die taalverwantskap, bied die Suid-Afrikaanse benadering van veeltaligheid ook sulke perspektiewe.
- Nederlandse taal en letterkunde is ingebed in die universiteite se Afrikaanse kursusse. Dit maak Suid-Afrika 'n belangrike sentrum vir die internasionale studie van die Nederlandse taal, literatuur en geskiedenis.
- Kulturele manifestasies (literatuur, poësie, musiek) kan as 'n gevolg van die taalverwantskap met 'n sekere mate van wedersydse belangstelling onder 'n wyer gehoor reken.
- As gevolg van dié historiese bande is 'n groot aantal oorspronklike Nederlandse bronne (literatuur en argiewe) in Suid-Afrika beskikbaar.
- Die Taalunie is 'n organisasie vir die Nederlandse taal en bevorder aktiwiteite wat relevant en van belang vir die Nederlandse taal is. Hierdie aktiwiteite kan egter terselfdertyd vir 'n ander taal (byvoorbeeld Afrikaans) van belang wees alhoewel dit nie die primêre doel daarvan is nie.

3. Strategiese doelstellings 2020-2024

- **Internasionalisering:** ons gebruik die taalverwantskap tussen Nederlands en Afrikaans as 'n bykomende benadering tot die studie van die Nederlandse taal, literatuur en geskiedenis *intra*-en *ekstra* muros;
- **Inklusiwiteit:** ons brei die samewerking met die ATR as 'n organisasie wat alle Afrikaans sprekendes verenig verder uit, en verken samewerking met ander taalgroepe, iets wat ook 'n doel van die ATR is;
- **Kreatiwiteit en lees:** ons stimuleer kulturele kreatiwiteit en kulturele verryking op grond van die kombinasie van kulturele afstand en taalkundige affiniteit tussen Nederlands en Afrikaans.

4. Aktiwiteite per fokusgebied

Fokusgebied 1 – Standaardtaal

Taalportaal



Ons handhaaf samewerking met Suid-Afrikaanse organisasies binne die raamwerk van die Taalportaal, wat op hierdie stadium Nederlands, Fries en Afrikaans insluit (via ViVA) en wat uitgebrei na nog twee amptelike Suid-Afrikaanse tale, Setswana en isiXhosa (via SADI Lar), uitgebrei sal word: www.taalportaal.org

Taal- en spraaktegnologie

ons sal samewerking tussen die INT (Instituut vir die Nederlandse taal), ViVA en CText (vir Afrikaans) aanmoedig met die doel om toegang te verkry of taal-tegnologiese toepassings en hulpbronne vir beide tale te ontwikkel.

Fokusgebied 2 – Nederlands en andere tale en taalvariëteite



Versterking van ons samewerking met die ATR ons beskou die Taalunie en die ATR as twee sentrale bestuursorganisasies wat toegang bied tot ander organisasies met meer uitvoerende take op die gebied van die Nederlandse, Afrikaans en ander tale. Ons neem deel aan onderlinge uitwisseling onder meer ten opsigte van die tussen de Staat van het Nederlands / Stand van Afrikaans en ondersoek na die gebruik van tale in die onderskeie samelewings.

Taalbeleid vir hoër onderwys

sedert 2017 bestuur die Taalunie 'n navorsingsprogram oor taalbeleid in hoëronderwys met die betrokkenheid van verskeie universiteite in Nederland, Vlaandere, Suriname en die Karibiese eilande. Dit bly 'n doelstelling van Taalunie om ook Suid-Afrikaanse universiteite in die navorsingprogram in te sluit, en om sodoende sy internasionale perspektief verder te verbreed, ook in die rigting van 'n nie-Nederlandse konteks. Ons werk onderlings saam om Nederlands en Afrikaans as wetenskapstaal te versterk.

Luistertaal

Ons stimuleer die gebruik van luistertaal tussen Nederlands- en Afrikaanstaliges en bied advies aan om wedersydse begrip te bevorder.

Fokusgebied 3 – Nederlandse onderwys in Vlaandere en Nederland

Om Nederlandse studies meer aantreklik te maak

Ons betrek Suid-Afrikaanse departemente van Nederlands en Afrikaans by inisiatiewe om die interaksie tussen die Nederlandse studies in en buite die taalgebied te versterk. Die Afrikaanse perspektief, in al sy gedaantes, kan die inhoud van die Nederlandse kursusse in Vlaandere en Nederland verryk.

Lees en geletterdheid

ons stel in uitwisseling ten opsigte van geletterdheid en leesbevordering met vennote in Suid-Afrika belang.

Fokusgebied 4 – Nederlandse onderrig buite die taalgebied

Leerstoel vir Nederlands

Die Taalunie streef daarna om saam met die Nederlandse, Vlaamse en Suid-Afrikaanse universiteite te werk vir die vestiging van 'n roterende leerstoel van die Nederlandse taal in Suid-Afrika, naamlik een met twee trajekte: taalvaardigheid en wetenskaplike navorsing.

Nederlandse taalverwerving

Die Taalunie ondersteun inisiatiewe wat aktiewe Nederlandse taalverwerving deur Suid-Afrikaanse studente verbeter, sodat die Nederlandse taal nie net as 'n studie-objek of 'n hulpwetenskap vir Afrikaans gesien word nie, maar ook as 'n lewende taal wat deure na die Lae Lande en die Karibiese gebiede waar Nederlands gepraat word, oopmaak.

Ondersteuning van internasionale Nederlandse studies

Die Taalunie ondersteun die kwaliteit van hoër Nederlandse studies wêreldwyd, insluitende Nederlandse studies in Suid-Afrika, met die volgende programme:

- Somerkursusse vir studente;
- Professionalisering van dosente;
- Kwaliteitondersteuning van die departemente;
- Stimulering van die netwerk.



Fokusgebied 5 – Taal en Kultuur

Skakeling van Nederlandse departemente met kulturele aktiwiteite in Suid-Afrika

In ooreenstemming met die langtermynbeleidsplan, versterk die Taalunie sy kulturele netwerke en implementeer programme vir internasionale kulturele uitruiling. Sodoende bevorder ons interaksie tussen die ondersteuning van kultuurfeeste en die ondersteuning van Nederlandse universiteitsdepartemente (bv. die reël van gasskrywers). Deur middel van die Kundighedsentrum vir Literêre Vertalings, fokus ons op die bevordering van vertalings van Nederlandse letterkunde in Afrikaans en andersom.

Kultuuruitruiling tussen Suid-Afrika en die Nederlandse taalgebied



**BOEKEN
UIT HET
HUIS** Ons moedig die uitruil met Suid-Afrikaanse kulturele operateurs (bv. deur middel van die Fees van die Afrikaanse taal, Week van die Afrikaanse Boek) aan, onder meer via die Festival van het Afrikaans en 'n reeks aanlyngesprekke met Afrikaanse skrywers in samewerking met Zuid-Afrikahuis.

DBNL

Ons bevorder die insluiting van oorspronklike Nederlandse publikasies vanuit Suid-Afrika in die DBNL (Die Digitale Biblioteek van die Nederlandse Letterkunde). Ons bevorder ook die verbeterde insluiting van bestaande Afrikaanse werke in die DBNL.

Digitalisering van die VOC-Daghregisters

Die Taalunie het in 2019 'n drieledige ooreenkoms met die Nasionale Argief van Nederland en die National History Trust in Suid-Afrika gesluit vir verdere digitalisering van die Kaapse VOC-Daghregisters van die 17de en 18de eeue, met die doel om dit met behulp van die Transkribus instrument vir verdere navorsing gratis aanlyn beskikbaar te stel. In die geval van 'n positiewe evaluasie van hierdie projek en instrument, sal ander geleenthede vir toegang tot Nederlandse taalargiewe in Suid-Afrika oorweeg word, met 'n moontlike skakel met die "Dutch Sources" - projek van die Universiteit van Amsterdam.

5. Voorkeur institutionele vennote

- Die Suid-Afrikaanse regering:
 - Ambassade in den Haag
 - Ambassade in Brussel
- Afrikaans Taalraad
- Suider Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)
- Diplomatieke verteenwoordigers van Nederland, België en Vlaandere in Suid-Afrika:
 - Nederlandse ambassade, Pretoria
 - Algemene Afvaardiging van die Vlaamse Regering, Pretoria
 - Konsulaat-Generaal Nederland in Kaapstad
 - Konsulaat-Generaal België in Kaapstad
- Ander vennote:
 - Relevante navorsingsinstansies soos die Instituut voor de Nederlandse Taal, die Meertens Instituut, SADiLaR, VIVa, en die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
 - Zuid-Afrikahuis, Amsterdam; die Vlaams-Zuid-Afrikaanse Vereniging; Vectis; die Stichting Afrikaans en de Lage Landen, die Algemeen-Nederlands Verbond, en Sasnev
 - Die leerstoele in Amsterdam en Gent
 - Die Nederlandse departemente in Suid-Afrika en Namibië